



DIGITAAL

# SENWES SCENARIO

KLANTETYDSKRIF VIR PRODUSENTE

LENTE 2020

## FOKUS OP PLANTTYD Voorbereiding

**05** SAMESMELTING VERSEKER  
WYER VOETSPPOOR

**20** RETAILER REVERTS BACK  
TO SHAREHOLDERS

**26** A SOLUTION FOR LIVESTOCK  
MALNUTRITION

**30** VOERINNNAME IN  
DIE VOERKRAAL

**37** THE INFORMAL TRADE  
MARKET

**41** SOUTH AFRICA'S  
HEALING PLANTS



WEERKUNDIGE  
**BESTUURDER**  
TECHNOLOOG  
**LANDBOUKUNDIGE**  
RISIKOBESTUURDER  
**MEGANISASIEKUNDIGE**  
VEEARTS  
MENTOR  
GRONDKENNER  
**BEMARKER**  
REKENMEESTER  
**MENSLIKEHULPBRONBESTUURDER**  
MARKANALIS  
**FINANSIËLE BEPLANNER**  
**LOGISTIEKE BESTUURDER**

**Ons bied produkte en dienste vir elke hoed wat jy moet dra**

**SENWES GROEP VAN MAATSKAPPYE**

By Senwes verstaan ons dat jy nie net boer nie, daarom bied ons as eenstop-landboubesigheid en jou landbou-vennoot, pasgemaakte oplossings om elke taak vir jou te vergemaklik.



# SENWES SCENARIO

## REDAKSIE

### Bestuurder: Korporatiewe Handelsmerke:

Johan Le Grange

018 464 7521

[jj.legrange@senwes.co.za](mailto:jj.legrange@senwes.co.za)

### Redakteur: Kefiloe Manthata

018 464 7875

[kefiloe.manthata@senwes.co.za](mailto:kefiloe.manthata@senwes.co.za)

### Ontwerp en uitleg: Pieter Swanepoel

018 464 7483

[pieter.swanepoel@senwes.co.za](mailto:pieter.swanepoel@senwes.co.za)

### Medewerkers: dr Kobus Swart, Elizma

Erasmus, Cobus de Bruyn, Pauline Swanepoel,

Johan Schoeman, Milanie Vosloo, Jorine Viviers

en Joubert Swanepoel.

### Skrywers: Kefiloe Manthata, Johan Le Grange en Annette Willemse.

### Advertensies: Mariëtte Hugo

018 464 7505

076 412 9756

[mariette.hugo@senwes.co.za](mailto:mariette.hugo@senwes.co.za)

### Subskripsie: Shevaun Haig

018 464 7568

[shevaun.haig@senwes.co.za](mailto:shevaun.haig@senwes.co.za)

### Eienaar: Senwes, Posbus 31, Klerksdorp, 2570 018 464 7800

# Inhoud • Contents



## Tema: PLANTTYD



Senwes en Suidwes  
samesmelting bl. 5



Puik opbrengste bl. 18

- 22 Klimaatsverandering en die seisoen vorentoe
- 26 A solution for livestock malnutrition
- 29 Belé in implemente wat voorbereiding vergemaklik
- 30 Voerinnname in die voerkraal
- 46 Die katoensektor 'n magdom uitdagings

## FINANSIEEL

- 07 Senwes expands commitment to finance emerging black farmers

## RUBRIEKE

- 02 Uit die Woord: Johan Schoeman
- 52 Kos vir die siel: Milanie Vosloo

## LEEFSTYL

- 50 Tuin: Die lank en die kort van grasperksorg
- 52 In the kitchen

22



- Alle regte van die inhoud van *Senwes Scenario* word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgawer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitleatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.

<http://fwd2.co/ScenarioApple>



Lees die *Senwes Scenario* aanlyn by [www.scenario.co.za](http://www.scenario.co.za) of laai die *Scenario* toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by [facebook.com/SenwesScenario](https://facebook.com/SenwesScenario) en volg ons op Twitter by @SenwesScenario

<http://fwd2.co/ScenarioGoogle>



## LANDBOUKUNDIG

- 18 Puik opbrengs maak boere opgewonde oor sonneblom

Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke week vir maatskappy- en bedryfsnuus. Teken in by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).



## Editor's letter

# Moving forward with caution

**O**n Saturday, 15 August 2020, 141 days since the country went into lockdown level 5 and life as we know it changed, President Cyril Ramaphosa made an announcement that the nation will now be entering lockdown level two. This announcement brings great news for businesses and consumers alike as on the one hand, the tobacco and alcohol industries will finally be able to resume operations and consumers will stop scouring the black market and paying insane prices to obtain alcohol and cigarettes.


In this edition of Scenario, we take a closer look at the tobacco and wine farming industries and see how gravely they have been affected by the ban on the sale and transportation of alcohol and tobacco products as part of government's bid to flatten the curve of Covid-19 infections in the country. The Agri Value Chain Discussion Series brought together thought-leaders in these industries to have a candid conversation about the current situation and a way forward. We also focus on the upcoming planting season, with special attention to mechanisation and getting your equipment ready.

For many of us, the announcement of the easing of the lockdown brings new light and hope of once again reuniting with family that we have not seen in months. For others, this means that they can enjoy a glass of wine or their preferred tobacco products without the threat of criminality hanging over their heads. For businesses especially, this means that they can go back to work and contribute to reviving an economy under siege.

There is elation in the air and business order may indeed be restored, but at what cost? In his speech, the President warned against the looming threat of the second wave of infections and while the easing of the regulations are intensely necessary at this point if we want to give our economy a fighting chance, there is a glaring flipside to it that leaves the responsibility of containing the spread of the coronavirus squarely on the shoulders of the country's inhabitants. The gates have been opened. It is now up to each of us to exercise the necessary caution and adhere to the social distancing and hygiene regulations designed to keep us safe.

**Kefiloe Manthata**

EDITOR



## Uit die Woord



Johan Schoeman

### ‘n Hemelse Erfenis

‘n Testament is nogals ‘n belangrike dokument, dikwels ‘n lewensveranderende dokument. Dit bevestig dat dit waarvan ek nou die eienaar is, eendag as ek sterf, joune word. Al wat jy dan moet doen, is om dit te ontvang en jou eie te maak.

Het u al ooit gewonder waarom die Bybel in testamente verdeel is? Waarom Testament, en nie deel een en twee of hoofstuk een en twee nie? Testament duif op ‘n ooreenkoms en herlei in die Here se taal en ou Afrikaans, direk na ‘n verbond. Die Bybel is huis in testamente verdeel, want dit bied ons ook ‘n lewensveranderende ooreenkoms wat spesiaal vir ons beskikbaar is! Dit vertel van ‘n Almagtige God wat met elke mens ‘n ooreenkoms, ‘n verbond wil sluit, eers ‘n “ou-verbond”; Ek wil jou God wees, gehoorsaam, volg en dien My, en daarna met Jesus se dood aan die kruis; ‘n “nuwe-verbond”: Ek het alles vir jou gedoen, ontvang dit en leef tot my eer. ‘n God wat vir jou sê: “Die erfenis wat Ek gee sal jou lewe onherroeplik verander, ‘n erfenis wat jou toegang tot al die skatte van die aarde en die hemele gee. Dit maak jou ‘n nuwe mens met ‘n nuwe status en ‘n eretitel – ‘n Koningskind! Al wat jy moet doen is: ontvang dit!

‘n Onverganklike, lewensveranderende erfoprsie - dit verander jou fokus, jou denke, waardes en prioriteite en gee nuwe sin en betekenis aan jou lewe. Anders as met ‘n aardse testament hoef jy nie te wag tot die testateur doodgaan om eienarskap hiervan te kan neem nie. Jesus het klaar aan die kruis gesterf, dit kan nou reeds joune wees. Al wat nodig is, is jou aanvaarding van die Testateur se ooreenkoms wat vir jou met die woorde van **Johannes 3:16** kom sê: Ek het jou so lief dat Ek My enigste Seun, Jesus Christus, gegee het om vir jou aan ‘n kruis te sterf, sodat jy my kind, my erfgenaam kan wees.

Die hartseer van baie testamente is dat die begunstigdes dikwels nooit opgespoor word en nooit bewus word van hul erfoprsie nie. Uiteindelik sterf hulle op papier “skatryk” omdat hulle nooit eienarskap van hul erfoprsie geneem het nie. Het jy al eienarskap van jou hemelse erfoprsie geneem? Dit is goed om dit daagliks te hernu!

**Ek bid:** Here, gee my die oortuiging om my deel van die ooreenkoms daagliks te hernu, dit op te neem en as erfgenaam van U te leef, amen.



## Oraloor gehoor...

**NAZMEERA MOOLA**

Head of SA Investments at Ninety One

" We had one of the strictest lockdowns in the world, so we would expect a very big Q2 contraction. For Q3, some indicators are quite strong at this point in time, including electricity consumption, hence the load shedding, and agriculture and mining, and some retail and home sales."

### ZWELIVELILE MANDELA

Parliament's Agriculture Committee Chairman on agriculture

" We must ensure that we take collective responsibility for the safety and the development of rural communities. The killing of farmers and farm workers has tragically been with us for too long. It destroys rural neighbourhoods, leaving in its trail destruction, devastation and debilitating consequences beyond measure."

### HEIN KOEGLENBERG

La Motte Wine

" The wine industry is a long-term business and the effect of the current crisis will be felt for at least the next three years."

### MARYNA CALOW

Communications Manager: Wines of South Africa

" I am optimistic that the industry will recover. Positive export figures of 38 million liters of wine in July might be the start of our recovery process."

### BEYERS TRUTER

Beyerskloof Winery

" Farmers are resilient and I have no doubt that we will overcome the current crisis, the key is to stand together. I also believe that we have to expand our thinking to include innovative ways to overcome challenges."

#BreekNuweGrond

**GOEDGEVESTIGDE INFRASTRUKTUUR  
SILOBEDRYF  
KWALITEITSBESTUUR  
OPBERGING EN INFRASTRUKTUUR  
GRAANVERKRYGING  
PLAASLAAITRANSAKSIES  
BASISLINK  
SAADVERWERKING  
GRAANMAKELAARS  
VEILIGE GRAANOPBERGING**

**Ons verstaan jou behoeftes  
en het die oplossings...**

#### **SENWES GRAINLINK**

Senwes Grainlink verstaan dat jy meer as net 'n silo nodig het om jou graan te stoor. Met ons veelsydige produk- en diensaanbod bied ons veilige transaksies, skep waarde vir jou deur kapitaalgroei en dividende vergemaklik jou besluite ten opsigte van graanhantering en bemarking.

[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)





# SAMESMELTING

## verseker wyer voetspoor en voortgesette diensverskaffing

**Die Mededingingstribunaal het op 18 Augustus 2020 goedkeuring verleen vir die Senwes en Suidwes-transaksie, met sekere voorwaardes.**

■ **Annette Willemse**

Senwes Journalist

*"Die kritiese element van hierdie samesmelting, wat ononderhandelbaar is, is die voortgesette diensverskaffing aan en betrokkenheid by aandeelhouers en produsente in 'n groter gekombineerde landboubesigheid met 'n wyer voetspoor."*

- Francois Strydom, Hoof Uitvoerende Beampte van Senwes

**D**it is die mening van mnr Francois Strydom, Hoof Uitvoerende Beampte van Senwes, na die Mededingingstribunaal Senwes se samesmelting met Suidwes goedgekeur het.

Op sy beurt het Dr Herman van Schalkwyk, Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes, gesê dat die maatskappy opgewonde en baie entoesiasties is oor die toekomstige vooruitsigte wat hierdie transaksie met Senwes sal ontsluit. Dit sluit onder meer in 'n nuwe waardetoevoegende waardeproposisie.

Die Mededingingstribunaal het op 18 Augustus 2020 Senwes se samesmelting met Suidwes goedgekeur, onderhewig aan sekere voorwaardes. Dit sluit onder meer in dat die twee partye sekere graansilo's verkoop en drie jaar lank jaarliks produksielenings van R20 miljoen aan swart opkomende boere verskaf.

### AANLOOP TOT DIE SAMESMELTING

'n Gesamentlike aankondiging in Februarie vanjaar het die twee agri-maatskappy se voorneme om saam te smelt bekend gemaak, en die Mededingingskommissie, wie se werk dit is om groot samesmeltings te ondersoek en 'n aanbeveling aan die Mededingingstribunaal te doen, het aanvanklik aanbeveel dat die samesmelting voortgaan.

Kort daarna is die aanbeveling egter verander na 'n algemene verbod op die samesmelting. Die Mededingingskommissie het aangevoer dat die transaksie mededinging aansienlik sou verminder of selfs verhoed. Volgens die kommissie sou 'n monopolie in twee van drie geïdentifiseerde geografiese markte in Noordwes geskep word waar die partye se silo's naby mekaar is, wat graanopbergung betref. Daar is voorts beweer dat die samesmelting waarskynlik tot 'n verhoging in die opbergings- en hanteringskoste by silo's van 'n gesamentlike maatskappy sou lei.

Beide die partye het hierdie aanbevelings geopponeer aangesien daar net nie enige grondige redes daarvoor bestaan nie. Die kommissie se beweringe oor moontlike beperking van/of nadeel vir mededinging is ten strengste verworp. Om die perseptuele kommer aan te spreek is sekere voorwaardes tog aan die Tribunaal voorgestel wat die voorwaardes uiteindelik so gelas het vier voorwaardes

is gestel wat onder andere behels.

### VERKOOPVOORWAARDE

Dat Senwes en Suidwes sekere silo's en besighede in die sogenaamde oorvleuelende gebiede aan 'n toepaslike derde party koper binne 'n spesifieke voorgeskrewe tyd verkoop. Hierdie gebiede sluit in: Jan Kempdorp (Senwes), Strydpoort (Suidwes) en Wolmaransstad en die Africum meule (Suidwes). Die proses sal op kommersiële voorwaardes geskied, onder die toesig van 'n onafhanklike trustee.

### PRYS VOORWAARDE

Die verskille in die onderskeie hantering en silotariëwe van Senwes en Suidwes moet vir 'n tydperk van vyf jaar gehandhaaf word, tensy belegging in tegnologie en verhoogde effektiwiteit van die silo's wel 'n verandering in die tariefstruktuur regverdig.

### VOORWAARDES IN PUBLIEKE BELANG

Senwes sal produksielenings van R20 miljoen per jaar aan opkomende boere verskaf, ooreenkomsdig die Senwes kredietbeleid en gesonde kredietverlengingspraktyke, vir 'n periode van drie jaar.

Voorts het Senwes onderneem om te poog dat soveel as moontlik werknekmers van Suidwes in diens gehou sal kan word vir ten minste 'n periode van twee jaar. Enige afleggings as gevolg van die samesmeltings is onderworpe aan beperkings. Vir meer inligting besoek [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).



SMEERMIDDELS SPESAAL VIR LANDBOU

## Jou trekker enjin verdien net die beste, so bederf hom bietjie met ons tegnologies gevorderde smeermiddels!



Die gebruik van 'n multi-funksionele STOU olie vir jou landbou toerusting het baie indrukwekkende voordele. Alhoewel, vele moderne enjins vereis dikwels 'n hoër spesifikasie enjin olie as wat tradisionele STOU tegnologie kan bied.

Gelukkig hoef u nie bekommert te wees nie want Total bied 'n hoër spesifikasie enjin olie aan – TRACTAGRI HDX 15W-40 – juis vir sulke gevalle. Daarmee tesame beveel ons aan dat u 'n UTTO olie gebruik – DYNATRANS MPV – vir jou toerusting se API GL4 ratte, hidroliese en olie bedekde rem stelsels.

### ... en, het jy geweet?

TRACTAGRI HDX 15W-40 kan gebruik word op ouer enjins wat gebruik maak van STOU produkte soos MUTLIGRI MS 15W-40. Kontak ons gerus vir meer inligting oor die nuutste gespesialiseerde enjin olies.

### TRACTAGRI HDX 15W-40 (Enjin Olie)



API CI-4/SL  
ACEA E7/E5 A3/B3, A3/B4

#### Vervaardigers se goedkeuring:

Deutz DQC III-10  
MB-Approval 228.3  
Cummins CES 20078 / 20077 / 20076

#### Voldoen aan die vereistes van:

CNH MAT 3507  
New Holland NH 330H  
Case MS 1121  
Caterpillar ECF-2 / ECF-1a  
FPT-Iveco T2 E7  
MAN M 3275

#### Geskik as die volgende spesifikasies aanbeveel is:

John Deere JDQ 78A

#### Materiaal kodes for verpaknings groottes:

209103 vir 4 X 5L  
209102 vir 20L  
209101 vir 208L



### DYNATRANS MPV (UTTO)

(transmissie-, hidroliese-, en olie bedekte ratte)  
API GL-4



#### Vervaardigers se goedkeuring:

MASSEY F. CMS M1145/M1143  
VALTRA G2-08  
ZF TE ML 03E/ 03L/ 05F/ 06P/  
17E/ 21F  
VOLVO CE WB 101

#### Voldoen aan die vereistes van:

JOHN DEERE JDM J20C  
FORD M2C 134D / FNHA 2C 201.00  
Mc CORMICK HTX  
CLAAS / RENAULT AGRICULTURE



#### Geskik as die volgende spesifikasies aanbeveel is:

MASSEY F. CMS M1141/M1135  
CASE MS 1206 / 1207 / 1209  
NEW HOLLAND NH 410B / NH 410C  
CNH MAT 3505 / 3509 / 3525 / 3526 / 3540  
KOMATSU AXO 80  
AGCO / Allis 821 XL

#### Materiaal kodes for verpaknings groottes:

199985 vir 20L  
199085 vir 208L



**TOTAL**  
Committed to Better Energy



# Senwes expands commitment to finance emerging black farmers

**A**s announced on 18 August 2020, the Competition Tribunal approved the merger between the Senwes Group of Klerksdorp and the Suidwes Group of Leeudoringstad. As part of the approval agreement, the merging parties undertook to enhance their current offering to black emerging farmers. Senwes will accordingly provide production loans to emerging farmers to the value of R 20 million annually, in terms of its credit policy. These loans will be allocated over a period of three years and will amount to R60 million in aggregate.

Senwes is accordingly committed to providing production loans for grain and cattle farming to qualifying black farmers in terms of, and subject to, Senwes' credit policy and accompanying qualifying criteria. Finance in this regard, will be extended to qualifying farmers on commercial credit terms (payment of interest, security requirements and fixed re-payment terms, etc). Applications will be limited to farmers who are farming in the Senwes and Suidwes operational areas.

Farmers who are interested in applying for this product for the current 2020/21 summer production season can contact Julius Ramohlabi at Senwes on 018 464 7300 on or before 30 September 2020. Enquiries made after this date will be accommodated in future production seasons. ■



ENGINEERED FOR THE PROFESSIONAL TRADESMAN

## Don't let a lack of power keep you from doing your thing!

Worksman has a wide variety of generators to suit your needs! The range covers from 1.2kW to 8kW. Supported by a 12 month guarantee.

prodist

WARRANTY  
12 MONTH WARRANTY

For more product specific information, please visit [www.worksman-sa.co.za](http://www.worksman-sa.co.za)



## *Virtual Discussion Series*

# Alcohol industry's sober Covid-19 reality

**It is estimated that the recommencement of the ban on alcohol sales will affect up to one million people working within this industry value chain. This includes the likes of producers, manufacturers, wholesalers and retailers of beer, wine, spirits and flavoured alcoholic beverages.**

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

The thirteenth session of the Agricultural Value Chain (AVC) Virtual Discussion Series explored the reach and competitiveness of this value chain, as well as the dire impact the current alcohol ban continues to have on its productivity and longevity. This time around, the panel of industry professionals included the likes of Dr John Purchase, Agbiz; Maryna Calow, Wines of

South Africa (WOSA); Hellen Ndlovu South African Breweries (SAB); Lucky Ntimane, National Liquor Traders Council (NLTC); Sean Robinson, Liquor Traders Association South Africa (LTASA) and Andre Muller (Pernod Richard South Africa).

### A WIDE REACHING INDUSTRY

In terms of numbers, the alcohol industry represents a wide reach, both nationally and internationally. The panel members shared the following statistics, as it applies to them, in this regard:

- WOSA: 500 members, all exporting their products abroad.
- LTASA: 1 400 independent retailers and wholesalers with 15 000 employees.
- NLTC: representing more than 34 500 licenced tavern owners and 200 000 dependents. Add to this the 10 000 shebeen permit holders and their dependents.
- SAB: sources its produce from 1 277 farmers across South Africa, of which 757 are emerging farmers.



## THE IMPACT OF THE ALCOHOL BAN

On 12 July, President Cyril Ramaphosa announced the reinstatement of the ban on the sale, dispensing and distribution of alcohol with immediate effect. This announcement did not only catch many South Africans by surprise, but also left the alcohol industry in a state of panic.

The ban has a major effect on the entire value chain.

According to Maryna Calow (WOSA) the wine industry has been suffering losses amounting to R4,5 million per week in terms of local sales, while export losses amount to R300 million per week. This does not include wine tourism, which contributes to another R1 million per week.

The ban furthermore hampers industry growth and transformation with hundreds of SMME and micro liquor manufacturers facing downsizing and even closure. Smaller brands which have the potential to become future market influencers, now

find themselves not being able to weather the storm. Hellen Ndlovu (SAB) agrees and adds that the uncertainty of the current situation takes its toll on all involved. She explains that farmers have just planted and that there is no surety that, as manufacturers, they will be able to take up all of the produce at the end of the cycle.

"The entire value chain is suffering" says Andre Muller (Pernod Richard South Africa) and states that the ban has several ripple effects. These include lay-offs, retrenchments, a shrinking consumer base and a loss of general momentum within the industry. The latter will play out over the course of the next few years.

All panel members agree that the longer the ban is in place, the more dire the situation will become.

## THE VALUE OF COLLABORATION AND ENGAGEMENT

Lucky Ntimane (NLTC) says that the crisis

has managed to bring the industry together as a whole and that the level of collaboration and engagement has increased sharply. The rest of the panel shares this sentiment and expressed their hope of continued collaboration post-Covid-19.

"Before the industry was very fragmented and we only focused on each other as competitors. It is reassuring to know that now we are aligned and united in our efforts to not only get the ban lifted, but also to deal with the looming surge in demand that will follow. This newfound cohesion will also go far in assisting us to come up with a much-needed harm reducing strategy for the industry," says Sean Robinson, LTASA.

Don't miss session 14, which focuses on the wine industry – Visit <http://www.senwes.co.za/en-za/agri-value-chain> for more detail and a recap of all the discussions. **S**



# VIRTUAL DISCUSSION SERIES:

## VALUABLE LESSONS LEARNT DURING LOCKDOWN

**As lockdown regulations are further relaxed and South Africa prepares to fully reopen its economy, it is important to pause and reflect on the lessons learned from the Covid-19 crisis. This is especially applicable within the agricultural value chain.**

■ **Kefiloe Manthata**  
Senwes Journalist

**D**uring a time when all hands on deck have been incredibly busy managing the immediate consequences of the pandemic, Senwes in collaboration with the Agricultural Business Chamber (Agbiz) have been hosting a series of insightful virtual discussions focusing on the agricultural value chain. These discussions not only focused on the role that the value chain plays in driving the economic recovery, but also on how it can position itself to deliver its full potential.

### THE RIGHT PLATFORM ON THE RIGHT TIME

Despite the widespread business disruption caused by the pandemic, the virtual discussion series is proof that crisis indeed births innovation.

The Agricultural Value Chain (AVC) Virtual Discussion Series was introduced

in April, just after the commencement of the country's hard lockdown and since then has featured several engagements between role-players in the different food and fibre value chains. According to Francois Strydom, Group CEO: Senwes, the value of the series lies therein that it enhances understanding of not only the agricultural value chain, but also the issues affecting it. "The series represents an exciting new way of conversing," says Strydom and adds that it offers a platform from where an array of voices within the agricultural sector can be heard. He also states that the pandemic proved that the agricultural sector is resilient and remains committed towards ensuring sustainable food supply.

### SOLUTION DRIVEN AGRI VOICES

If you missed any of the virtual discussions, or would like to know more about the agricultural value chain, visit the Senwes webpage: <https://www.senwes.co.za/en-za/home>

Value chain role-players that have been featured thus far include: meat industry, milling industry, producers, finance, logistics, food supply and distribution, the informal trade sector, the tobacco industry, alcohol industry and the wine industry. Topical issues such as the SAFEX differential, the impact of the ban on liquor sales and the initial prohibition on the export of wine are just some of the hard-hitting matters that have been discussed.

"Through this series it is clear that all role-players in the agricultural value chain, including competitors, are eager to address and resolve challenges, to make sure that the value chain comes out of this crisis in the strongest position possible, safeguarding livelihoods and ensuring business continuity. It is my belief that the series has set the scene for invaluable future deliberations," says Francois Strydom, Group CEO: Senwes. ■



**SESSION 14**

*Virtual Discussion Series*

### The South African Wine Value Chain

#### Panel

- **Dr John Purchase** - Moderator  
Agbiz, CEO
- **Rico Basson**  
VinPro, Managing Director
- **Maryna Calow**  
Wines Of South Africa, Communications Manager
- **Beyers Truter**  
Beyerskloof, owner and wine maker
- **Hein Koegelenberg**  
La Motte Wine, CEO

Proudly brought to you by:



# PRODUSENTE EN AGRI-BESIGHEDE SPAN SAAM TEN VOORDEEL VAN LANDBOUGEMEENSKAPPE



Ondersteun die AVC Food Umbrella inisiatief deur witmielies te skenk op leveringsnommer **418688** by jou naaste Senwes Grainlink Silo.

Vir elke twee ton gelewer, sal produsente 'n sak DEKALB saad (kultivar van keuse) ontvang, komplimente van Bayer.



Vir meer inligting besoek  
<http://senwes.co/AVCFU>

WORD  
VANDAG DEEL  
VAN DIE  
INISIATIEF



BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD



# Senwes Grainlink

## gee gemoedsrus aan klante rakende sekere silos na Tribunaal-uitspraak

**Die Mededingingstribunaal het op 18 Augustus 2020 goedkeuring verleen vir die Senwes en Suidwes-transaksie, met sekere voorwaardes. Gevolglik skuif die fokus nou na die implementering van die voorgeskrewe voorwaardes.**

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**D**ie graanbesigheid verteenwoordig die hartklop van beide Senwes en Suidwes se kernbedrywighede, en na die samesmelting kan klante uitsien na selfs 'n meer omvattende waardepropositie. Dit is daarom belangrik dat elke gewaardeerde klant kennis neem van die volgende voorwaardes, wat na die implementeringsdatum van 12 Oktober 2020, in werking sal tree.

Senwes bevestig dat die verskil tussen die hantering- en bergingstariewe, soos van toepassing op die Leeudoringstad-, Christiana- en Bamboesspruit-silo's, en soos van toepassing op die Regina, Werda en Melliodora silos, vir 'n tydperk van vyf jaar dieselfde bly soos wat die vasgestelde verskil bepaal is op die dag vóór die implementeringsdatum.

Hantering- en bergingstariewe sal slegs verander sou Senwes besluit om

in die tegnologie en effektiwiteit van die Leeudoringstad-, Christiana- en Bamboesspruit-silokomplekse te belê. Hierdie beleggings sal die silokomplekse as volg beïnvloed:

(i) die laai- en aflaaispoed met 10% verhoog vanaf die bestaande tempo, (ii) die silo's se vermoë om graan met 'n hoër voginhoud te hanteer, met 10% verbeter, of (iii) 'n 10% verhoging in die doeltreffendheid van voorraadmetingstoerusting te bewerkstellig deur byvoorbeeld die gebruik van Crux-lasertegnologie, die vervanging van bestaande graderingsmasjiene of die installering van temperatuur- en CO<sub>2</sub>-meters in meer as 10% van die silobuise.

Alvorens enige aanpassing in die tariewe ten opsigte van die Leeudoringstad-, Christiana- of Bamboesspruit-silokomplekse gemaak kan word, moet die Mededingingskomissie in kennis gestel word.

Vervolgens sal 'n verslag deur 'n onafhanklike derde party bewys moet lewer van die toename in laai- en aflaaispoed,

die verbeterde vermoë om graan met 'n hoër voginhoud te hanteer, of die verhoogde effektiwiteit van die silo's, soos aangedui in punte i, ii en iii. Hierdie onafhanklike verslag sal 'n maand voor die aanpassing van die verskil (met die doel tot punte i, ii en iii) aan die Kommissie voorgelê word. Terselfdertyd sal die samevoegende besighede (Senwes en Suidwes) ook produsente, wat gedurende die voorafgaande jaar by die betrokke silos graan gelewer het, inlig rakende die veranderings.

"Ek is opgewonde oor die toekoms," se Pieter Malan, Uitvoerende Bestuurder van Senwes Grainlink en voeg by dat die samesmelting sal nie net verhoogde spesialisasie en volhoubaarheid sal verseker nie, maar ook die ondersteuningsnetwerk vir klante vergroot. "Ons klante bly ons eerste prioriteit, en alle besigheidsbesluite word geneem met hulle beste belange in gedagte."

Vir meer inligting oor die implementering van die voorwaardes, kontak Pieter Malan, Uitvoerende Bestuurder van Senwes Grainlink op 018 464 7395. 

#BreekNuweGrond

# JOU GRAANHANTERING EN -OPBERGING VENNOTE



## SENWES GRAINLINK EN SUIDWES GRAAN

Met verhoogde silokapasiteit, 'n groter bedieningsgebied en meer dinamika diens Senwes Grainlink en Suidwes Graan produsente met pasgemaakte oplossings vir elkeen se unieke behoefté. Saam beskik die twee agribesighede oor 84 silokomplekse, 18 graanverkrygingskantore, 6 alternatiewe opbergingstrukture en 2 deurvoerpunte.



# ILLICIT TRADE

## continues to hurt the tobacco farming industry



### *Virtual Discussion Series*

■ **Kefiloe Manthata**  
Senwes Journalist

In the twelfth session of the Agri Value Chain Discussion Series, we hear testimony from tobacco industry workers and farmers who speak on the harsh impact of the ban on their livelihoods. The tobacco industry is said to have lost in excess of R2 billion in revenue since the lockdown began, while the illegal trade of tobacco products continues to rise. The halt in sales brings forth relevant questions about job security and the long-term repercussions for those working legitimately in the tobacco industry. Mohau, who works in the tobacco industry, says that the ban has negatively impacted their lives in a very harsh manner. "We know that the government, in their efforts to control the

spread of Covid-19, went as far as banning the sale of tobacco. What is frustrating for us is that tobacco is easily available at every corner of the township. People have not stopped smoking because sales are continuing on the black market. The illegal sales make it especially hard for us who are in the legitimate trade of tobacco, because while our livelihood was halted, tobacco sales continued."

Shadrack Sibisi, Chairman of the Black Tobacco Farmers Association (BFTA), shares that BFTA has been at the forefront of the efforts made by different stakeholders in the tobacco industry to get the tobacco ban lifted. He says they started farming tobacco in 2010 in Mpumalanga. They struggled with expansion efforts for many years. For a long time, they could not find tangible reasons as to why tobacco

farming grows at such a slow rate in South Africa. In 2016, they identified the illicit trade of cigarettes as a hindrance.

A study conducted by the Research Unit of the Economics of Excisable Products (REEEP), an independent research unit based at the University of Cape Town (UCT), found that over 90 percent of smokers who chose not to quit during the ban were able to easily access cigarettes on the black market. The study further revealed that tobacco prices hiked by up to 250 percent during this period.

Sinenhlanhla Mguni, Chairman of Fair Trade Independent Tobacco Association (FITA), gives a background on the court action that they instituted to challenge the ban on the cigarette trade by government. He recalls how the initial confusion around the ban, with conflicting messages com-



ing from different sections of government, created uneasiness among stakeholders in the industry. Once it became clear that government had no intention of lifting the ban, it became apparent to them, as stakeholders in the tobacco industry, that reprieve would only come from seeking the help of the court to ensure the preservation of income. He alludes to political power plays being one of the factors that led to the eventual indefinite ban on the sale of tobacco. During the ACV conversation, Sinenhlanhla goes into detail about their court action and the grounds on which it stands.

Johnny Moloto, Head of External Affairs at British American Tobacco South Africa (BATSA), paints a clear picture of the extent of the damage to the industry caused by the ban. They (BATSA) were aware that under the Disaster Management Act, the tobacco industry would be one of those hardest hit by the lockdown regulations. He explains the concerns raised by them in communication with the government. "It was quite clear to us at that time that the government had not taken into account the complexity of the value chain. To allow farming but not allow trade, was short-sighted." He clarifies that they did not just voice their dissatisfaction and complaints, but they also came up with suggestions and regulations that could work for all parties involved. "We will play our part to defend the jobs of those who work in the industry. We will also play our part to defend the consumer's right to choose." He says the only people benefiting from this situation are the people involved in illicit trade. "While the state is losing over R34 million a day, illicit trade is making in excess of R100 million a day."

Sinenhlanhla says that efforts to thwart the illegal trade of tobacco products, have been spoken about since long before he joined the industry, but they are yet to find a remedy for the problem.

Johnny encourages stakeholders in the tobacco industry to do thorough introspection and identify the issues within the tobacco industry supply chain that compromise them. He says that there should be accountability from them in making sure that they do not allow their products to filter out into the illicit trade market. "How is it that our brands are still available in the illegal market four months into the lockdown?" **S**



#BreekNuweGrond

# INSPEKSIEPLANNE



Julie – Oktober 2020

## PLANTTYD KOM NADER

BESKERM JOU BELEGGING  
EN PRODUKTIWITEIT

- ◆ Spuit: R5 577,50
- ◆ Trekkers: R2 645,00 – R7 216,25\*

\*Sluit in al die reekse trekkers

- ◆ Planter: R1 006,25\*
- ◆ Grassnyer: R1 006,25\*

BTW IS INGESLUIT BY ALLE PRYSE

Kry ook addisonele korting op onderdele wanneer die werk deur 'n Senwes Equipment werkswinkel gedoen word.

### SENWES EQUIPMENT

Kry gemoedsrus voor planttyd en verhoed staantyd.  
Kontak Senwes Equipment en wees verseker van intydse  
onderdelevoorsiening met 'n inspeksieplan op enige  
spuit, trekker, planter of grassnyer. Kontak jou naaste  
werkswinkel of onderdeletak vir meer besonderhede.

[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)



1-jaar waarborg op alle John Deere onderdele wat  
deur 'n Senwes werkswinkel geïnstalleer is.



# Senwes Equipment:

## Steek 'n stokkie voor meganiese staantyd hierdie plantseisoen



**Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**D**ie plantseisoen is om die draai en daar is nie 'n meer geleë tyd as huis nou om jou heelwerktuie en boerdery-implemente te diens nie. Gereelde inspeksies, soos gedoen deur die bekwame tegnici van die Senwes Equipment span, voorkom nie net groot toerustingsfoute nie, maar spaar geld én tyd op die lang duur.

Senwes Equipment werkswinkels is slaggereed om jou met raad en daad by te staan teen 'n randwaarde wat verseker jou

sak sal pas. Inspeksies behels die nagaan van jou totale heelwerktuig en 'n gedetailleerde kwotasie sal voorsien word vir enige herstelwerk wat gedoen moet word. Meer nog: Senwes Equipment is daartoe verbind om werkbare en innoverende oplossings te bied om planttyd se meganiese staantyd tot 'n minimum te beperk.

Die voordele van gereelde Senwes Equipment inspeksies, sluit onder meer in:

- Seisoenale inspeksies van heelwerktuie.
- Verminderde meganiese staantyd.
- Raad en ondersteuning deur gewalifiseerde tegnici.
- Heelwerktuie word op die plaas geïnspekteer.

- Nuwe en gebruikte heelwerktuie word geïnspekteer.
- Intydse onderdelevoorsiening.
- Die opstel van 'n proaktiewe inspeksieplan.
- Waarde vir geld.
- Verlengde waarde van heelwerktuie. Behalwe vir flinke diens en raakvatadvies, kwalificeer produsente ook vir addisionele korting op onderdele wanneer die werk deur 'n Senwes Equipment werkswinkel gedoen word.

Kontak jou naaste werkswinkel of onderdeletak vir meer inligting of besoek [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)



# Puik opbrengste

## maak boere opgewonde oor sonneblom

■ **Joubert Swanepoel**

Agricol

**D**ie afgelope seisoen se sonneblomaanplanting het baie boere in hul skik gehad met puik opbrengste wat nasionaal gerealiseer het. Ten spye van 'n bogemiddelde reënval in sekere areas, asook laer hitte eenhede, was die afgelope seisoen se aanplanting gekenmerk deur baie goeie gepaardgaande graan- en olie opbrengste.

Boere wat die AGSUN-sonneblomreeks plant het die afgelope seisoen ook weereens die genot van die reeks se opbrengsstabiliteit, eerstehands ervaar. Hier volg 'n paar suksesverhale.

### OTTOSDAL

Lourens du Plessis van die plaas Rietkuil, in die Ottosdal omgewing, het die afgelope seisoen Agricol se vlagskip konvensionele kultivar AGSUN 8251 aangeplant. Soos vantevore het die kultivar se opbrengstabiliteit weereens bewys waarom hy steeds die top konvensionele kultivar op die mark is met 'n gemiddelde opbrengs van 2.6 ton/ha. Lourens glo daarin om 'n sonneblom plantestand van tussen 45 000 en 50 000 plante per hektaar te plant en ook om sy plantdatum te versprei om siekte risiko in te perk. Hy sê: "AGSUN 8251 het nog altyd vir my 'n oes gelewer. Met sy goeie opkoms realiseer ek 'n goeie stand en deur die loop van die seisoen val hy nie om nie wat die stroopproses ook makliker maak. Sclerotinia was ook aansienlik minder op AGSUN 8251 as op ander kultivars die afgelope seisoen".

### REITZ

Francois Steyn van die plaas Flores, in die Reitz omgewing, plant al vir 'n geruime tyd die AGSUN-sonneblomreeks en sê

die kultivars in hierdie reeks is van die beste wat op die mark beskikbaar is wat oor 'n langtermyn 'n gemiddelde oes van 2ton/ha kan lewer. Die voordeel van die reeks is dat dit baie goed bestuif, 'n goeie pit-gewig het en dit aard boonop goed in verskillende grondsoorte. Francois het die afgelope seisoen AGSUN 5109CLP aangeplant en 'n gemiddelde opbrengs van 2.6ton/ha gerealiseer op dié kultivar. 'n Wenk wat Francois vir ander boere wil gee is, "moenie kanse vat met lae bemesting op sonneblom nie. Sonneblom moet nie geplant word met die idee van 'n 'vangoes' nie. Sonneblom is 'n belangrike wisselbougewas wat 'n groot voordeel inhou in konvensionele en minimum bewerkings-toestande vir die daaropvolgende gewasse wat aangeplant word".

### WOLMARANSTAD

Jannes Holtzhausen van die plaas Strydpoort, in die Wolmaranstad omgewing, het die afgelope seisoen drie van Agricol se hoë-opbrengs Clearfield®Plus sonneblombasters geplant, naamlik: AGSUN 5103CLP, AGSUN 5106CLP en AGSUN 5109CLP. Volgens Jannes kom die AGSUN-sonneblomreeks baie sterk op wat 'n groot pluspunt is. Die kultivars se skepelmassas is ook beter as die van opposisie basters Jannes het die afgelope seisoen 'n opbrengs van 2.5 ton/ha gerealiseer met sy vroeë aanplanting op hierdie kultivars en sê sonneblom kan absolut gesien word as 'n primêre gewas met sulke hoë opbrengste. Die laer insetkostes en vroeë kontantvloei is ook 'n groot bonus vir enige boerdery.

### BOTHAVILLE

RJ Joubert van die plaas Skoonspruit, in die Bothaville omgewing, het die afgelope seisoen AGSUN 5106CLP geplant.

Volgens RJ het die middel Januarie aanplanting van AGSUN 5106CLP 'n opbrengs van 2.41 ton/ha gerealiseer, terwyl hy ook 'n gedeelte in Februarie aangeplant het wat 'n opbrengs van 1.9ton/ha gerealiseer het. RJ sê Agricol se produkte is van 'n hoë gehalte en is billik geprys.

### VENTERSDORP

Kobus van den Berg van die plaas Palmietfontein, in die Ventersdorp omgewing ,sê: "Sonneblom moet definitief nie meer gesien word as die afskeepgewas wat laat in die seisoen aangeplant word wanneer die planttyd uitloop nie. Hierdie gewas kan alreeds vroeg in die stroopseisoen gestroop word tot jou finansiële voordeel. Dit is ook baie meer gehard as ander gewasse en daarom verseker dit 'n goeie inkomste". Kobus het die afgelope seisoen top opbrengste gestroop met Agricol se konvensionele én Clearfield®Plus kultivars. Begin Desember het Kobus AGSUN 5270 en AGSUN 5106CLP aangeplant waarmee hy onderskeidelik 3.1 ton/ha en 3.2 ton/ha klaargemaak het. Hy het ook middel Januarie AGSUN 5106CLP aangeplant waarmee hy 'n opbrengs van 2.5ton/ha gerealiseer het. Kobus se wenk aan ander sonneblomboere is om sonneblom vroeg in die seisoen aan te plant sodra toestande dit toelaat. Volgens Kobus kry hy die beste sonneblom opbrengste wanneer dit in November aangeplant word aangesien genoegsame hitte eenhede beskikbaar is om ten volle deur die sonneblom benut te word.

Die AGSUN- sonneblomreeks en opbrengstabiliteit is sinoniem met mekaar. Hierdie sonneblomreeks se goeie siekte-weerstand en staanvermoë is 'n moet vir enige sonneblompakket vir die komende plantseisoen. Skakel gerus jou naaste Agricol-agent vir 'n pakket-aanbeveling in jou area. 

# Sonneblombasters wat so goed presteer soos hulle lyk

**agricol**  
aan die groei



## Clearfield® Plus

Produksiestelsel

AGSUN 5101CLP

AGSUN 5102CLP

AGSUN 5103CLP

AGSUN 5104CLP

AGSUN 5106CLP

AGSUN 5109CLP

## Konvensioneel

AGSUN 8251

AGSUN 5278

AGSUN 5270

AGSUN 5273



OPBRENGSSSTABILITEIT



STAANVERMOË



SIEKTEWEERSTAND

So het van die  
AGSUN boere  
gestroop in  
**2020**



Kontak jou naaste Agricol-agent of besoek die webtuiste by [www.agricol.co.za](http://www.agricol.co.za) vir 'n aanbeveling in jou area.

Clearfield®Plus is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF



# RETAIL REVERTS BACK TO SHAREHOLDERS

**Johan Le Grange**  
Manager: Corporate Brands

**H**interland, the joint venture business of AFGRI and Senwes' retail branches established in 2013 is in the process of disbanding. The decision, taken by the two shareholders, is based on the fact that the two agricultural businesses' strategic approaches and business models are substantially different.

The termination of the joint venture relationship entails that the AFGRI branches in

the eastern parts of South Africa will continue to conduct business as AFGRI whilst Senwes branches will keep on servicing its customers as Hinterland in the western areas.

The termination is subject to approval by the Competition Authorities but the planned date for implementation is 1 October 2020 ("the Effective date"). It will be business as usual and all prevailing suppliers' agreements and arrangements will remain in place.

Clients with accounts at Unigro or Senwes Credit will be affected and will only

be able to purchase goods and services on credit after the Effective date at the relevant Afri (Unigro) or Senwes (Senwes Credit) retail branches.

"The realignment of the retail business will still focus on the customer and we see this as an opportunity to offer more tailor-made solutions to our customer base" said Francois Strydom, Chief Executive Officer of Senwes. Jacob de Villiers, Chief Executive Officer of AFGRI is of the view that the separation will enable each of the mother companies to focus on their own individual strengths. **S**

18 SEPT - 10 OCT 2020

**PRODUKREEKS**

**PRODUCT  
RANGE**

Tuin /  
Garden

Buitelewe /  
Outdoor

Besproeiing /  
Irrigation

Verf /  
Paint

Doen-dit-self /  
D.I.Y

Motorsorg /  
Automotive

Troeteldiersorg /  
Pet Care

Dieresorg /  
Animal Care

Veevoere /  
Animal Feed

# Spring into ACTION

**BUY ANY OF THE ZOETIS PRODUCTS ON  
PROMOTION & STAND A CHANCE TO  
WIN A DJI MAVIC MINI DRONE  
VALUED AT R14,000**



- Compact and lightweight
- Quad HD video
- 12M Resolution Photo
- 3-axis gimbal
- 30 minutes max flight time

T's & C's apply | hin/komp19

**BUY ANY OF THE PRODUCTS ON  
PROMOTION & STAND A CHANCE TO  
WIN A TRAILER  
VALUED AT R12,000**



T's & C's apply | hin/komp18



# KLIMAATSVERANDERING en die seisoen vorentoe

■ **Johan van den Berg**

## AUGUSTUS 2020

In die huidige tydsvak waar klimaatsverandering en globale verwarming baie pertinent is, is die koue winter van 2020 in Suid-Afrika teen die verwagting van baie mense. Was die winter baie koud en waar pas dit in klimaatsverandering?

As voorbeeld van die minimumtemperatuur wat in die winter van 2020 gemeet is, is daagliks temperatuurdata van die Bothaville-omgewing sedert 2001 ontleed om te bepaal of die 2020-winter werkelik so koud was. Die volgende feite het na vore gekom:

- Die gemiddelde minimum- of laagste temperatuur wat daagliks gemeet is vir die periode vanaf 1 Mei tot 31 Augustus was  $-0,55^{\circ}\text{C}$  wat by verre die koudste was sedert 2001. Dit was ook die eerste jaar waar die gemiddelde minimumtemperat-

uur onder vriespunt was want die tweede laagste gemiddelde minimumtemperatuur het in 2010 voorgekom toe dit gemiddeld  $+0,44^{\circ}\text{C}$  was. Die hoogste minimumtemperatuur vir die vier wintermaande was in 2002 toe dit  $+3,06^{\circ}\text{C}$  was.

- Die meeste dae met temperatuur onder vriespunt of waar ryp voorgekom het in die afgelope twee dekades het ook in 2020 voorgekom naamlik 75 dae waar die minimumtemperatuur benede vriespunt was teenoor die vorige hoogste aantal dae van 64 in 2007.

- Net in 2010 het daar meer dae met temperatuur onder  $-5^{\circ}\text{C}$  voorgekom (20 dae) as in 2020 waar daar 19 dae was met temperatuur benede  $-5^{\circ}\text{C}$ .

Die "koue" winter moet in perspektief gesien word in terme van meer lokale faktore asook die hele aarde se temperatuur. Een van die redes vir die koue winter in Suidelike Afrika is dat groot gedeeltes van die suidelike Indiese

Oseaan en aangrensende Atlantiese Oseaan vanjaar tot meer as  $2^{\circ}\text{C}$  koeler as gemiddeld was gedurende die winter. Wanneer die hoogdrukstelsels wat die koue fronte volg suid verby die Kaap beweeg, word lug direk vanaf die Suidpool noordwaarts ingewaai agter die front. Vanjaar kon daar baie min verwarming van lug plaasvind oor die Oseane in vergelyking met ander jare.

Alhoewel globale temperature besig is om te styg oor die laaste paar dekades, is daar egter ook sikelusse van warmer en koeler periodes. So byvoorbeeld was die winters vanaf 2001 tot ongeveer 2006 minder koud (gemiddelde minimumtemperatuur van Mei tot Augustus van  $+2,24^{\circ}\text{C}$ ), vanaf 2007 tot 2012 weer koeler (gemiddeld van  $+1,19^{\circ}\text{C}$ ) en weer warmer vanaf 2013 tot 2019 (gemiddeld  $+1,74^{\circ}\text{C}$ ). Dit is interessant dat die minder koue winters meer saamgeval het met droë somers en kouer winters met nat somers.



## HOE LYK DIE SOMERSEISOEN VAN 2020/21?

Alhoewel daar dikwels maar min voor-spelbaarheid is in terme van seisoenale reënval as gevolg van 'n legio van faktore wat reënval bepaal, is daar tog in sekere seisoene sterker seine wat as rigtingewer kan dien. Sterk ontwikkelde El Nino- of La Nina-verskynsels gee dikwels beter voor-spelbaarheid as in jare waar die ENSO (El Nino Suidelike Ossilasie) meer neig na neutrale toestande of swak ontwikkelde verskynsels. Die ander bepalende faktor is die stand van see-oppervlaktemperatuur in die Indiese Oseaan. Warmer water nader aan die Afrika-kuslyn veroorsaak dikwels tropiese siklone en sterk laagdrukstelsels wat reënval oor die binneland van die sub-kontinent negatief beïnvloed.

Sedert die begin van 2020 was daar 'n redelike verandering in die stand van die ENSO en het dit geleidelik begin oorgaan vanaf 'n swak El Nino-fase na Neutrale toestande en sedert ongeveer die begin van Augustus in 'n swak La Nina-fase. Die waarskynlikheid dat 'n El Nino-verskynsel

in die 2020/21-seisoen gaan voorkom is omstreng **zero** en behoort daar La Nina- tot Neutrale toestande te heers tot ten minste die herfs van 2021 wat baie goeie nuus is. Daar het ook 'n verandering in die Indiese Oseaan se see-oppervlaktemperatuur begin voorkom en lyk dit ook redelik gunstig om nie die normale reënvalpatrone oor die Somerreënvalgebied vanjaar te versteur nie.

Die gesamentlike effek van La Nina-toestande en 'n neutrale tot gunstige Indiese Oseaan kan verantwoordelik wees vir gemiddelde tot bogemiddelde reënval oor bykans die hele land. Voorbeeld van jare waar beide La Nina en koeler westelike Indiese Oseaan temperature saamgeval het, was vanaf 1974 tot 1976, 1988/89 en 1998/99. In die laaste twee dekades was die Indiese Oseaan oor die algemeen ongunstig met net twee jare waar dit in 'n gunstiger fase was maar toe was die ENSO ongunstig naamlik in

2005/06 en 2016/17. Dus is die waarskynlikheid vir bogemiddelde reën wat tot vloede kan lei vanjaar baie groter.

Voorspellings dui dat daar vanaf ongeveer Oktober 2020 redelike swaar neerslae oor die oostelike dele van die land kan begin voorkom wat in November weswaarts kan uitbrei om dan in die mid-tot laatsomer gemiddelde tot bogemiddelde reënval te kan veroorsaak oorveral die sentrale tot westelike dele van die land asook Namibië en Botswana.



**« Voedingskedulering™ belyn met plant-ontwikkeling. »**

**Mielie OEMFF® B16**  
Voedingsondersteuning gedurende stuifmeelstort, bestuiving en bevrugting.

**KynoPlus®-mengsels Foli-Grande® of Foli-Plus®**  
Voedingsondersteuning om graanvl te verbeter.

**KynoPop®**  
Vinnige begin en sterk saailinge.

**KynoPlus® - NPKS plantermengsel**  
ondersteun potensiaal in die mielieplant.

**BLOOMSTADUM**

**MIDDLE VEGETATIE, TOPBEMESTING**

**VROEVE VEGETATIE**

**VOORPLANT**

**MIELIES**

KynoPlus® is geregistreer as kunsmis groep I – Reg. No: K8024, KynoPop® Reg. No: K9101, Mielie OEMFF® Reg. No: K8702, Foli-Plus® Reg. No: K9397 en Foli-Grande® Reg. No: K8045 (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)

Praat met ons oor hoe jy die **Voedingskedulering™** in jou gewasbestuur-program kan implementeer.



011 317 2000  
[info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za)

Met **Kynoch** se innoverende en pasmaakprodukte, kan jy bemesting volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadums toedien. So verseker **Kynoch** dat jou **mielieplante kry wat hulle nodig het, wanneer hul dit die nodigste het.**



**Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie**

Don't just innovate, #KynoVate.

@KynochFertilizer

[www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer  
Reg. No. 2009/0092541/07

# KLK Landbou Beperk

## Jou venoot. Betroubaar. Innoverend



### ■ Vivien Viviers

Hoofbestuurder Bedryf (KLK)

### KLK HANDEL

KLK se 19 handelstakke en vier en 'n halwe Build It-takke strek oor die grootste gedeelte van die Noord-Kaap. Dorpies soos Vanzylsrus en Nieuwoudtville is 860 km uitmekaar en Pofadder en Danielskuil, 480 km uitmekaar. Upington is redelik sentraal, op die oewer van die Oranjerivier. Die Oranjerivier is die langste rivier in Suid-Afrika en behalwe vir

Upington, vloei die Oranjerivier deur geen ander groot dorp of stad in Suid-Afrika nie.

Hier word oorwegend met skaap en bees geboer tot op Upington en hoe verder ons van Upington na die Karoo afbeveeg, word daar hoofsaaklik met skaap geboer. Wild, jag en toerisme maak 'n groot deel van die Noord-Kaap se ekonomie uit. Die twee droë dele, naamlik die Kalahari en Karoo, waar ons van kleins af leer bid vir reën, word gedeel deur die Oranjerivier.

By KLK se vier "riviertakke" naamlik Groblershoop, Upington, Keimoes en Kakamas, maak besproeiing 'n belangrike deel van boerdery uit. Wingerd word verbou vir tafeldruwe, rosyne en wyn. Lusern en pekanneute word ook hier verbou.

Met die samesmelting van WKK en KLK in 2005, is Brandvlei, Calvinia en Nieuwoudtville by die KLK handelstakke gevoeg. In hierdie deel van ons land is daar vroeër, in redelike reënjarre, koring en lusern verbou. SA Standaard Lusernsaad word op Calvinia skoongemaak en aan



**" KLK Handel is in baie gevalle die oase vir ons produsente in 'n harde wêreld. Dit is hier waar klante nog vriende is. "**

NLO (Nasionale Lusern Organisasie) gestuur vir sertifisering en daarna versprei na die besproeiingsgebiede. Calvinia se silo het 'n bergingskapasiteit van 6 000 ton en is vanaf 1957 gebruik om koring wat langs die Sakrivier verbou is, te berg. Daar is oorgeskakel na lusernverbouing in die area nadat treine van die noorde na Calvinia gestaak is en padvervoer oor die afstand net te duur geword het.

KLK raak in 2007 direk betrokke by die groeiende boubedryf, deur met Build It, een van die voorste verskaffers van boumateriaal in die land, saam te span. Op 21 Junie 2007 open KLK sy eerste Build It-winkel op Kathu. Daarna het Upington en

Kuruman gevolg en op 24 Julie 2009 open KLK sy vierde Build It op Postmasburg. In 2018 word Postmasburg Build It opgrader saam met KLK Handel en die rybaan. Tydens die projek is die vloeroppervlak van Postmasburg Build It verdubbel.

3 April 2020 beplan KLK die opening van Build It in Calvinia as deel van die handelstak – 'n eerste in Suid-Afrika waar Build It as gedeelde handelsmerk - gebou word en 'n perseel deel met 'n ander besigheid. Die opening is uitgestel nadat Suid-Afrika op 27 Maart 2020 in 'n nasionale grendeltydperk geplaas is weens die internasionale Covid-19 pandemie. Die amptelike opening het op 24 Julie 2020 plaasgevind.





# A SOLUTION FOR LIVESTOCK MALNUTRITION

**Climate change is making it hard for livestock to get enough nutrients from natural grazing alone.**

■ **Elizna Erasmus**  
Biosecurity and Ruminants Specialist

**R**esearch by Science Daily shows that 49% of the world's grazing lands have been affected by climate change in the past century. The natural vegetation no longer has the ability to provide animals with sufficient nutrients.

Except from natural grazing, livestock farmers can ensure that their animals get sufficient nutrients through the addition of nutritional supplements in the feed. When added, these supplements increase the nutrients found in the feed. The nutritional enhancement of the feed through these supplements, also improves the health and production of animals.

It is important for farmers to understand the nutritional requirements of their animals. For animals to perform at optimal levels, it is important that feed formulated for their specific production stage, is fed.

"Good quality livestock feed is essential. It provides animals with all the necessary nutrients required for their growth and production. The addition of nutritional elements to livestock feed enhances the nutrients of the feed. The increase of nutrients ensures that the animal stays in good

condition, produces at optimum levels and stays at a low risk for disease", says Elizna Erasmus, Biosecurity and Ruminants Specialist at Bupo Animal Health.

There are multiple feed additives available for animals, with most being available directly from feed manufacturers. Animal health research has proven that different feed additives improve the digestive systems of animals and increase the absorption of nutrients.

"Feed additives can increase the digestive enzyme release in the gastro-intestinal tract of the animal. These enzymes are biological components that speed up a chemical reaction that needs to occur within cells of a living organism. They improve the digestive process through the enhancement of nutrient absorption, mobilisation, and transportation," added Elizna.

Apart from providing livestock with all the necessary nutrients and enhancing digestive functions, feed additives help improve the quality of meat or any other products that may be sourced from livestock for human consumption. Therefore, it is important for livestock farmers to always ensure that they provide good quality feed for their animals. ■

#BreakingNewGround

# TECHNOLOGY THAT GIVES YOU THE LEADING EDGE



## BENEFITS OF ATU 300

- ❖ Open station 6B Compatible (IP65 Rating)
- ❖ Quick steering calibration
- ❖ SF1 to RTK Accuracy
- ❖ ISOBus compatibility
- ❖ User-friendly guidance system

## SENWES EQUIPMENT: PRECISION FARMING

Agricultural technology has developed from basic implements to highly technological precision farming equipment. It enables the producer to realise the optimum return on investment.

Contact our call centre at 018 464 7550/3.

# PERFORMANCE



Proud and sole importers  
of the Amazone brand



## CEUS-2TX TRAILED DISC HARROW CULTIVATOR COMBINATION




### SHARE SYSTEM

- ▶ C-Mix share system
- ▶ Cenius Super tine segment with pressure spring overload giving release force of more than 600 kg
- ▶ A combination of discs and tines are used for maximum potential output



### WORKING WIDTHS & DEPTHS

- ▶ 4, 5, 6 and 7m working width
- ▶ 5 to 14cm working depth of the discs
- ▶ Working depth of the tines down to 30cm



### SUITABILITY & USE

- ▶ Stubble cultivation as well as primary soil tillage
- ▶ Topsoil deep loosening
- ▶ Seedbed preparation and is ideal for farms with plenty of organic matter



### WORKING SPEED

- ▶ Up to 15 km / h



## Belê in implemente wat voorbereiding vergemaklik én uitsette verhoog / Amazone: keuse vir grondvoorbereiding

**Grondvoorbereiding is 'n belangrike stap in die plantproses. Met die gebruik van gehalte produkte, word hierdie stap baie vergemaklik. In dié artikel kyk Senwes Scenario na die grondbewerkingsapparate van Amazone, wat in Suid-Afrika deur Falcon, 'n filiaal van Senwes Equipment, versprei word.**

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**D**ie behoorlike voorbereiding van lande vir planttyd word vandag se tyd van hoë insetkoste en lae kommoditeitspryse al hoe belangriker. Ten einde effektiewe besluite te neem, is dit belangrik dat produsente op hoogte bly van die nuutste tegnologie en grondbewerkingstoerusting om die potensiaal van sy opbrengste te verwesenlik. Afhangend van die tekstuur en topografie, is grondvoorbereiding voorts die hardste werk vir 'n produsent en die verkeerde implement kan die risiko van erosie of 'n misoes verhoog.

Die grontbewerkingsimplemente uit dié Duitse-stal verteenwoordig 'n ware kragvertoning van innovasie en tegnologie, en beloof om die proses van grondvoorbereiding aansienlik te vergemaklik.

### AMAZONE CATROS+:

Hierdie kompakte skotteleg met gehap-

te skottels is ideaal vir vinnige, vlak en intensiewe stoppelmengwerk en die voorbereiding van die saadbed, veral as 'n eerste bewerking na stroping. Dié implement word hoofsaaklik gebruik om mieliereste en graanstoppels te verwerk, om grasvelde of onbewerkte lande te bewerk en om organiese deklaag met die grond te meng. Dit is beskikbaar in werkswydtes van 2.5 tot 12 meter en kan tussen 50 en 150 mm diep werk.

### AMAZONE CENIUS-2TX & CEUS-2TX

Die deklaagbewerkingsreeks sluit die Amazone Cenius-2TX en die Ceus-2TX beitelploeë in en spog met 'n innoverende kombinasie van skare en tandé. Die Cenius-2TX kan gebruik word vir vlak stoppelbewerkings asook die diep losmaking van bogrond. Dit is beskikbaar in 'n werkswydtte van 4 tot 8 meter en kan in dieptes tussen 80 en 300 mm werk.

Die Ceus-2TX is op sy beurt geskik vir stoppelbewerking sowel as primêre grondbewerking, diepliggende gronddeurlugting

en saadbedvoorbereiding en is ideal vir plase met baie organiese materiaal. Dit is beskikbaar in 'n werkswydtte van 4 tot 7 meter en werk in dieptes tussen 80 en 300 mm.

### AMAZONE GREENDRILL

Die Amazone GreenDrill is 'n fynsaadkas wat in kombinasie met byna al die Amazone-grondbewerkingsimplemente gebruik kan word vir die saai van dekgewasse direk in stoppels. Die implement word ook gebruik vir die hersaaï van weiding. Jy kan kies tussen 'n 200 ℥ of 'n 500 ℥ opsie.

Amazone kan aan 'n groot verskeidenheid spesifikasies voldoen en beskik oor opsionele ekstras wat 'n nommerpas oplossing vir elke produsent kan bied.

Kontak gerus jou naaste Senwes Equipment heelwerktuigbemarker, gemagtigde Falcon-handelaar of produkspesialis. Besoek [www.falconequipment.co.za](http://www.falconequipment.co.za) vir meer inligting. ■



# VOERINNAME IN DIE VOERKRAAL

■ Dr Kobus Swart  
Dierevoedingskundige

## DIE KRITIESE FAKTOR VIR BEESPRODUKSIE

Die primêre doel van 'n voerkraal is om voer, die bron van voedingstowwe, na 'n hoëwaarde eindprodukt, kar-kas, om te sit. Die biologiese produktiwiteit van hierdie proses word deur lewendemassagroei oor 'n periode en die voeromsettingsverhouding van voer na karkas gemeet. Hierdie produktiwiteit word grootliks deur die bestuur van vrywillige voerinname bepaal. Hoe meer voedingstowwe in die regte verhouding tot die dier se beskikking is, hoe beter sal die dier volgens genetiese potensiaal groei. Voer maak 80 tot 90% van die lopende koste uit en is dus bepalend vir 'n voerkraalonderneming se winsgewendheid. Dit is belangrik wat en hoeveel diere in 'n voerkraal vreet.

## DROËMATERIAAL EN SOOS GEVOER ('AS FED') VOER

Dit is nodig om voerkraal voeding op 'n droëmateriaalbasis (DM) te verstaan. Alle bestanddele van 'n voer word op 'n 'soos gevoer' (SG) basis gemeng en gevoer wat beteken dit bevat vog wat aansienlik kan varieer. Die geweegde gemiddelde

voginhoud van elke individuele bestanddeel sal die gemiddelde voginhoud van die finale voer bepaal. Diere neem voer in volgens hul voedingsbehoefte, geag die onstandighede wat heers, wat deur die DM verskaf word. Die voginhoud maak slegs 'n bydrae tot waterbehoefte van die dier. Alhoewel teoreties, word beide die voor-spelling van vrywillige DM-inname sowel as die formulasie en balans vasn individuele voeding-stowwe in die voer op 'n droëmateriaalbasis gedoen.

## WATERINNAME

Water is die belangrikste voedingstof as die voedingstof wat siekte en dood die vinnigste sal veroorsaak, in aanmerking geneem word. Water is nodig om die voer in die bek en maag as medium vir verteringsreaksies, nat te maak. Dit is die grootste komponent van die liggaam (50 tot 60%), word as medium die die uitskeiding van oplosbare material in die urine en sweat gebruik. Dus word water se behoefte deur die voersamestelling en die omgewingstemperatuur bepaal. Bo 0°C is daar 'n positiewe verwantskap tussen omgewingstemperatuur en waterinname van diere. Hoe groter die DM-inname hoe groter hoe groter is die urine uitskeiding en waterbehoefte. Verder word meer

biologiese hitte geproduseer met 'n hoër DM-inname wat tot 'n groter hitteverlies deur sweetverdamping end us waterbehoefte aanleiding gee. Die waterbehoefte van diere is gewoonlik tussen 2 en 3 keer die DM-inname geag die heersende omgewingstemperatuur.

Waterinname word deur die hipotalamus van die brein beheer deur primer op die ionisiteit van die breinvloeistof as die belangrikste stimulus te reageer. Diere toon 'n behoefte aan water wat met direk met die liggaam se behoefte aan 'n waterbalans of homeostase ooreenstem. Die volume water wat 'n voerkraalbees benodig kan deels deur die waterinhoud van die voer bevredig word. As gevolg van die relatiewe groot stoorkapasiteit van die herkouer se rumen ( $\pm 25\%$  van liggaamsmassa), kan beeste ander as enkelmaag-diere, 'n groot hoeveelheid DM inneem en daarna die nodige hoeveelheid water inneem. Die rumen is gewoonlik vol 'digesta' met 'n lae DM-inhoud van  $\pm 120\text{g/kg}$ . Vars en koel water behoort altyd vir diere in die voerkraal beskikbaar te wees.

## OMGEWINGSTEMPERATURE EN -OMSTANDIGHEDE

Temperatuur tussen -16 en 8°C veroorsaak die minimum spanning en het dus mini-




male invloed op vrywillige voerinname by diere. Die akute blootstelling aan hitte het 'n betekenisvol groter negatiewe invloed as kroniese blootstelling op voerinname. 'n Langdurige blootstelling gee aanleiding tot 'n aanpassing by die klimaat. Een manier waardeur diere by hitte aanpas is om gedurende die nag, wanneer dit koeler is, te vreet. Die normale vreetgedrag van beeste hou met die fotoperiode of daglengte verband deur 'n groter inname en meer kere gedurende die dag te vreet. Dit kan wel aangepas word deur eerder in die koeler tyd van dag as byvoorbeeld die warm middagperiode te vreet. Tipies spandeer beeste 75% van vreettyd tussen 06h00 en 18h00 van die dag. Deur die beskikbare lig te verleng gaan gepaard met 'n verhoogde DM-inname wat verklaar word dat beeste verkiekslik vreet as die voer gesien kan word. 'n Laer voerinname, met gepaardgaande swakker groei, van tussen 5 en 8% word tipies gedurende die wintermaande ook in Suid Afrika ondervind. Onder die kritiese omgewings-temperatuur verhoog die energiebehoefte van beeste en sal voerinname ook dien-ooreenkomsdig verhoog. Onder baie koue omstandighede, veral as dit met wind en reën gepaardgaan, soek beeste skuiling of bly in die gemaklikste posisie lê, wat meebring dat normale vreetgedrag en voerinname verminder.

#### VREETGEDRAG

Die vreetgedrag van beeste in die voerkraal hang grootliks van die verhouding van doiere tot vreetspasie af. Met genoeg vreetspasie sal al die diere gelyk eet, veral as die voer vars beskikbaar is. Met onvoldoende spasie vir almal gelyk, soos voerkraal normal ontwerp is, sal onderlinge skedulering plaasvind waar dominante diere eerste en na behoeft sal vreet. Beeste is geneig om voer wat natter is met groter porsies en vinniger te vreet as dieselfde voer wat in 'n droër vorm is. 'n Hoër voerinname word ook met vars voer geassosieer. Diere wat slegs van voerbakke afhanglik is vreet tipies sowat 120 minute per 24 uur periode met minder tyd gedurende die nag, veral dominante diere wat na willekeur kan vreet.

# Die enigste ding wat ons beter as boerdery verstaan is hoe om dit te verseker.



Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).



## ◀ 31 | VOERINNAME IN DIE VOERKRALAAL

Na 'n periode van swak groei wat deur voerbeperking soos deur droogte of of siekte toestand veroorsaak word, word beter produksie in die vorm van groei ondervind as diere van dieselfde ouderdom en lewende massa. Hierdie fenomeen staan as kompensatoriële groei bekend. Hierdie fenomeen word aan beter vrywillige DM-inname, verhoogde derminhoud en beter voeromsettingsdoeltreffendheid toegeskryf.

### KWALITEIT EN AANVAARBAARHEID VAN VOERBESTANDDELE

Smaak en reuk by beeste is soms bepalend vir DM-inname by beeste. Beeste het die vermoë om aangename en onaangename sensasie met voer voor of tydens die vreetproses te ervaar. Beeste sal voer self voor enige inname wyer soos indien dit na mis of urine ruik. Voer wat vars is stimuleer en voer wat met fungus of swamme besmet of verrot is, sal inname inhibeer. Voer wat met swamme, plantaardige siektes of gifstowwe besmet is word maklik deur beeste geproe en sal inname verlaag. Voere wat stowwerig is, is onsmaakklik en irriteer die lugweë van diere wat ook tot laer voerinname aanleiding gee. Dit is gewoonlik vlugtige stowwe wat maklik deur die dier waargeneem word, veral as die voer in die son warmgebak is. Deur eenvoudig water by die voer te voeg tot 'n totale voginhoud van 25 tot 35% sal die stof bind en die voer koel hou wat voerinname sal stimuleer.

Fisiese prosessering van voerbestanddele, soos kerwing, maal en verpilling verhoog die verteerbaarheid en dus die voerinname van beeste. Selfs relatief onaanvaarbare voer word wel deur beeste ingeneem indien geen ander keuse beskikbaar is nie. Die vermoë van beeste om die meer verteerbare plant- en voerdele te identifiseer en in te neem is wel bekend.

### VOERSAMESTELLING, VOEDINGSTOF-BALANS EN VERTEERBAARHEID

Ongebalanceerde voedingstowwe in die voer is beide die oorsaak vir en gevolg van swak voerinname. Lae voerinname word dikwels aan spanning of rek van die rumenwand eerder as 'n beperking as gevolg

van voedingstofwanbalans toegeskryf. Onder normale gesonde omstandighede is 'n wanbalans van voedingstowwe egter die primêre beperking van voerinname. Herkouers moet meer hitte produseer as voedingstowwe wat verteer moet word nie gebalanseer is nie. Byvoorbeeld, herkouers wat 'n voer inneem wat hoë asynsuurfermentasie (lae propionsuur) veroorsaak en wat ook laag in proteininhoud is, sal 'n tekort aan glukose in sirkulasie hê om vetersintese te kan uitvoer. Hierdie dier sal meer as normaal metaboliese hitte produseer wat gereguleer moet word. Hierdie situasie sal veral nadelig wees onder warm en bedompige toestande waar diere reeds 'n probleem het om liggaamshitte te reguleer en wat tot 'n afname in voerinname aanleiding sal gee.

Die basiese stimulus wat met vertyer en metabolisme geassosieer word na aanleiding van voer wat ingeneem word, is die absorbsie en metabolisme van voedingstowwe. Herkouers verhoog hul voerinname in reaksie op die liggaam se vraag na energie of proteïene of beide. Hierdie stimulasie, afsonderlik of in kombinasie, inhibeer die sentrum van die hipotalamus wat voerinname beperk. Indien die eindprodukte van vertyer ongebalanceerd is en nie aan 'n produktiewe funksie kan voldoen nie, sal 'n oormaat C2-energie (asynsuur) geproduseer word wat as hitte uitgeskei word. Die dier sal dan vrywillige voerinname verlaag om hierdie wanbalans op te hef, veral onder warm toestande. Die hoeveelheid voer wat 'n dier vreet word gewoonlik deur die absorbsie van oplosbare voedingstowwe en die deurvloeitempo deur die oplosbare en nie-oplosbare vertyeringsmateriaal bepaal. Die invloed van lae verteerbaarheid word eers duidelik wanneer die voedingstowwe wat dier inneem gebalanseerd is. In herkouers is die verwantskap tussen lae verteerbaarheid en lae inname as gevolg van die lae tempo waarmee partikels afbreek word.

### DIEREGESONDHEID

Lae vrywillige voerinname is die eerste teken van vele siektes wat die dier onder lede mag hê. Dit mag aan koors en gevoltage hitteregulering toegeskryf word. Daar is egter siektetoestande wat nie koors veroorsaak nie en moet die afname in

inname in daardie geval aan ander redes toegeskryf word. Diere wat aan 'n lae voedingspeil, tekort aan voedingstowwe veral proteïene blootgestel word, is betekenisvol meer aan die hipofagiese (sterk groei/floreer) uitwerking van parasiete onderhewig. Parasiete gee aanleiding tot 'n verhoogde proteinbehoeftes van die liggaam. Omdat groei primer van verteerbare energie afhanglik is, word energiebronne in die voerkraal tot maksimum voorsien. Dit gee maklik aanleiding tot metabliese steurnis van 'n oormaat suurproduksie en asidose en opblaas van die rumen wat tot hipofagia aanleiding gee.

### GENOTIPE VAN DIERE

Waar voedings en omgewingsbeperkinge afwesig is word die vrywillige voerinname deur die dier se genetiese potensiaal vir produksie bepaal. Terselfdertyd sal die die hoeveelheid voer wat ingeneem word die produktiwiteit van die dier, voer na karkas, bepaal. Hier speel ouderdom en/of fisiologiese stadium en geslag 'n betekenisvolle rol. Een gevolg hiervan is skynbaar 'n hoë basale metaboliese tempo, wat geneties bepaal word, van diere wat vir hoë produktiwiteit geselekteer word. Met 'n gegewe voerinname (wat ook deur 'n wanbalans in voedingstowwe beperk kan word) sal 'n dier met 'n hoë metaboliese tempo minder energie en proteïen vir produksie beskikbaar hê. Metaboliese spanning as gevolg van hitte, het 'n groter nadelige uitwerking op Bos Taurus as Bos indicus beesrasse.

### METABOLIESE TERUGVOERSISTEDE

Die spysverteringsorgane van die herkouer is deeglik met reseptore voorsien om meganiese, chemiese en osmotiese stimuli as afferente selle na die sentrale senuweestelsel te stuur. Reseptore in die mondholte (bukale opening) en slukdarm van die dier is belangrik om sensoriese eienskappe van die voer te identifiseer en dier te ontmoedig of te stimuleer om met voerinname voort te gaan. Die voerinname van herkouers word primer deur die rumenkapasiteit bepaal wat deur die positiewe verwantskap tussen voerinname en verteerbaarheid of energiekonsentrasie waargeneem kan word. Die rumen veroorsaak 'n beperking op inname deur meganiese reseptore in

# KARAT 12

DIE BESTE KEUSE VIR DOELGERIGTE VEELSYDIGHEID



Die Karat beitelploeg is die veelsydigste beitelploeg beskikbaar. Met kombinasies van skare wat vinnig omgeruil kan word, is dit die perfekte keuse vir vlak, medium en selfs dieper bewerkings:

- 23 cm tandspasiëring vir optimale losmaak en vermenging van grond
- Groot verskeidenheid skare, wat skare met tungsten-punte insluit om lewensduur te verhoog
- Werksdieptes van 5 cm tot 40 cm
- Uitstekende vloei van materiaal tussen tande

Kontak u naaste handelaar vir meer inligting oor die hele reeks LEMKEN produkte

**Karel Munnik, Direkteur, 082 412 2577, k.munnik@lemken.com**

**Blackie Swart, Areaverkoopsbestuurder, 082 404 9651, b.swart@lemken.com**

#BreakingNewGround

# SPRING INTO ACTION WITH A NEW 8000 SERIES TRACTOR



## SENWES EQUIPMENT: WHOLE GOODS

Senwes Equipment is responsible for rendering mechanisation and maintenance services relating to agricultural equipment to the agricultural producer. Senwes Equipment is also a proud agent for John Deere delivering whole goods and spare parts from 27 outlets and 18 mechanisation workshops.





## ◀32 | VOERINNAME IN DIE VOERKRAAL

die rumenwand. Hierdie reseptore speel ook groot rol in die beweging van die rumenwand om voer te men gen om herkou te stimuleer.

Daar is ook chemoreseptore in die epitel (wand) van die rumen wat op die stimulus van chemiese bestanddele soos botersuur en asynsuur as verteringseindprodukte, reageer. Hierdie reaksie is ongeag

die suurheid (pH) van die rumeninhoud. Herkouer moet die tempo van vlugtige vetsuurabsorbsie uit die rumen met die benutting van hierdie sure in die liggaam koordineer. Die faktore wat gewoonlik voerinname verlaag word met 'n toename in asetaat (asynsuur) beskikbaarheid of produksie relatief tot ander voedingstowwe (bv. lae N, hoë veseldieet) of 'n afname in asetaatbenutting in die liggaam relatief tot ander voedingstowwe (bv. hittespanning) geassosieer.

Die stimulus van die rumenwand word ook deur die osmolariteit van die rumenvloeistof veroorsaak. daar is 'n direkte verwantskap tussen hoër osmolariteit en laer voerinname wat deur natrium chloride (veesout) veroorsaak word. Hierdie invloed kan geneutraliseer word as die dier toegang tot vars water het om hierdie osmolariteit te verlaag. Dit is waarom veesout in voere so effektiel gebruik kan word om die inname van lekke vir herkouers te beheer. Die rumenwand het ook temperatuurreseptore wat die temperatuur van die rumeninhoud kan waarneem. Die inname van water wat die rumeninhoud met 2°C

laat styg veroorsaak 'n daling van tot 10% in die vrywillige voerinname van herkouers.

## AFSLUITING

Die voerkraalstelsel is primêr ontwerp om die voedingstofvoorsiening vir die dier te kontroleer en te bestuur. Vir hierdie rede is 'n volledig gemengde voer (TMR) wat homogeen gemeng word en voedingstofgewys gebalanseerd is, deur die verloop van elke dag ononderhandelbaar om die maksimum groei en sukses in 'n voerkraalonderneming te bereik. Voldoende voer moet daagliks beskikbaar gestel word om aan die voedingsbehoefte van die dier te voldoen. Daar is vele redes wat die vrywillige inname van hierdie voer beheer en bepaal. Die enkel belangrikste fokus van voerkraalbestuur is om vrywillige inname te stimuleer en om enige rede wat hierdie inname kan inhibeer, te verhoed. Vir hierdie rede moet die ontwerp en gebruik van fasilitete, die keuse en gesondheidsprogram van diere asook die formulasie, prosessering en beskikbaarstelling van voer op die maksimum vrywillige voerinname van diere in 'n voerkraal fokus. ■



## NEW IMPROVED FORMULATION

# BEEF FAT 33+ YOUR CATTLE AND YOUR PROFIT GROW TOGETHER!

With Molatek's expertly formulated protein concentrate, **Beef Fat 33+**, it's not only your beef cattle that will be showing off their bulging muscles and increased mass ... your pocket will be bulging with extra profit as well.

- Economical beef cattle finishing with the lowest cost per kg mass increase.
- Includes a growth enhancer which stimulates feed conversion and growth rates.
- Uses high-quality natural protein which is balanced according to the amino acid profile needed for optimal carcass growth.
- Counteracts feeding disorders and coccidiosis.
- Ensures maximum profit.
- Suitable to finish off bulls and show cattle.

## PROTEIN CONCENTRATE



For more information about Molatek's specific feeds and services, contact:

**RCL FOODS:** [www.rclfoods.com](http://www.rclfoods.com)

**MOLATEK:** +27(0)13 791-1036 | [www.molatek.co.za](http://www.molatek.co.za) | [molatek@rclfoods.com](mailto:molatek@rclfoods.com)

Beef Fat 33+ (V17357) (Act 36 of 1947)



**MOLATEK**  
Partnering performance

# Insetkoste is duur, maar die risiko's is duurder...



Skakel vandag jou naaste  
Certisure makelaar vir 'n kwotasie  
of meer inligting

## Beskerm jou insette met oesversekering

- *Bateversekering*
- *Oesversekering*
- *Finansiële beplanning*
- *Beleggings*
- *Mediese fondse*
- *Wildversekering*
- *Begrafnisskemas*

Certisure Hoofkantoor  
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp  
Tel: 018 464 7494

■ Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer  
■ Authorised Financial Services Provider

Reliable • Betroubaar  
**CertiSure**  
Brokers • Makelaars



# THE INFORMAL TRADE MARKET

## as a valuable link within the agricultural value chain

**Did you know that the informal trade sector generates up to 90% of employment opportunities in some sub-Saharan African countries?**

**Annette Willemsen**  
Communication Specialist

**O**n the home front, according to Statistics South Africa's most recent Quarterly Labour Force Survey (QLFS), about three million people work in this sector. This represents just under 20% of the country's total employment number.

This diverse sector not only plays a crucial role driving economic growth, but also represents a valuable link within the agricultural value chain.

### A VALUABLE CONTRIBUTOR TO SA'S SOCIO-ECONOMIC PROFILE

Apart from making up a significant component of the economy, the sector also fulfils an important role in addressing some of SA's developmental challenges, including high levels of unemployment, poverty, food insecurity and accelerated rates of rural-urban migration. With this in mind, all major role-players are in agreement that it is important to ensure that the informal sector, and consequently informal trade, is supported maximally to ensure future growth and sustained development. The National Development Plan (NDP) mirrors this input and sees the informal sector creating between 1,2 and 2 million new jobs by 2030.

While the vast majority of informal traders earn well below the income tax threshold of R79 000 per annum, the sector provides livelihoods, employment and income for about 2,5 million workers in South Africa within a consumer market worth more than R100 billion in the country's rural areas, townships and cities.

Within the agricultural value chain, the informal market serves as a means to meet the needs of consumers who fall under the lower LSM-bracket by providing cheaper and more accessible goods and services. An estimated 67% of all informal traders are said to trade in food commodities.

### THE IMPACT OF THE COVID-19 LOCKDOWN REGULATIONS

With the ongoing battle against the coronavirus, the informal sector has been adversely affected by the lockdown regulations which have been put in place. One of the many dire consequences of the Covid-19-related lockdown regulations was that many informal traders were locked out of their livelihoods for a period of time. This not only adversely affected the economy, but also fuelled fears of rising household food insecurity, especially within vulnerable communities.

The informal market's woes continue as frontline traders are further feeling the brunt of the pandemic due to issues such as low

food standards, the inability to access formal markets, access to basic infrastructure and heightened pressure to ensure compliance to preventative interventions such as social distancing and sanitising.

On the flipside of the coin, the adversity the sector is experiencing as of late has resulted in a growing number of role-players within the value chain voicing the need for proper policy intervention and support in the form of the formalisation of the sector.

During a recent episode of the popular Agricultural Value Chain (AVC) Discussion Series, Francois Strydom, Senwes Group Chief Executive Officer, concurred that it is necessary for everybody working within the food value chain to understand and appreciate the need to pro-actively drive the development of the informal market and by doing so, enable entrepreneurs to flourish and the economy to grow.

\* Two sessions of the Agricultural Value Chain (AVC) Virtual Discussion Series focused on the reach and competitiveness of this market within the agricultural value chain, as well as the dire impact the Covid-19 lockdown restrictions had on the market's productivity. Visit <http://www.senwes.co.za/en-za/agri-value-chain> to for more detail and a recap of all the discussions. **S**



# R585:

## the rising cost of a full stomach

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

Poverty is a dire reality in South Africa. Even before the commencement of the lockdown in March, the economy had entered a technical recession with two successive quarters of economic decline. With the coronavirus in full swing, the economy remains under immense pressure and vulnerable communities are faced with severe food security concerns.

Statistics South Africa (Stats SA) recently released its National Poverty Lines 2020 report, and it indicates that any person living in South Africa needs to have at least R585 per month to afford enough food to meet the minimum required daily energy intake needed to survive. The Food Poverty Line (FPL) is based on the daily calories a person needs to survive and it is set at 2 100 calories (as stipulated by the United Nation's minimum daily consumption requirement).

The 2020 edition of the report saw the revision of all three cost of living measurements - this includes the FPL, the Lower-bound Poverty Line and the Upper-bound poverty line. The Lower-bound poverty line was set at R840 and represents the amount derived from non-food items for household spending at FPL levels. The Upper-bound poverty line was set at R1 268 per person and refers to the FPL plus the average amount derived from non-food items of households whose food expenditure is equal to the food poverty line.

Poverty lines are not only important for allowing statistical reporting on poverty levels and patterns, but also inform plan-

ning, monitoring and evaluation of poverty reduction programmes. One such a project is the Senwes Agricultural Value Chain (AVC) Food Umbrella Project.

### MORE AND MORE ARE GOING HUNGRY

According to the Bureau for Food and Agricultural Policy (BFAP), one of the biggest concerns is whether there will be sufficient food supplies at affordable prices for the country during and following the containment period.

The National Income Dynamics' Coronavirus Rapid Mobile Survey recently reported that 47% of people surveyed, indicated that they ran out of money for food in April 2020. This is in comparison to 21% of respondents surveyed in 2018. This points to a substantial increase in the number of people who were unable to afford a monthly supply of food. In a follow-up survey in May and June it was reported that one in five respondents indicated that someone in their household went hungry, and one in seven indicated that a child had gone hungry. These results suggest that vulnerable households are still facing deteriorating nutritional intake, despite the Social Relief Distress Grants made available during the pandemic.

### TOGETHER WE CAN MAKE A DIFFERENCE

Senwes, in a concerted effort to ensure food security, especially amongst communities living under the FPL, has launched the Agricultural Value Chain (AVC) Food Umbrella Project. Through this project, Senwes is uniting the sector's value chain by calling upon primary producers, agri-businesses, logistics companies, processors and distribution centres to work together towards the common goal of reaching out to communities destabilised by the pandemic.


Donate to this cause by delivering maize at any Senwes Grainlink silo on delivery number 418688. Other contributions outside of this spectrum can be made by logging onto the AVC Food Umbrella page available at [www.senwes.co.za/avc-food-umbrella](http://www.senwes.co.za/avc-food-umbrella)

**V**ars, vuurwarm plaaskoffie wil 'n boer mos saam met nabymense geniet.

Dankie vir die gasvrye ontvangs wat ons agente en assessors telkens op die plaas kry, want dit laat ons voel soos familie. Van familie gepraat; toeganklikheid, openhartige kommunikasie en eksieperfeksie dienslewering is ingeweef in hoe die AgriSeker-familie dinge doen.

Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za)

# HOE FAMILIE DIT DOEN



AgriSeker Onderskrywingsbestuurder (Edms) Bpk.  
Reg no. 2014/235270/07 is 'n Gemagtigde  
Finansiële Dienste Verskaffer: FSP no. 45767.  
Onderskryf deur Land Bank Insurance (SOC) Bpk.  
Reg no. 2012/115426/30.

# PLOEG IS 'N 7-LETTER-WOORD.

En daardie 7-letter-woord is **Willard**.

Wanneer die ryk aarde voorberei word vir saad wat sal ontkiem in voedsel vir die nasie, het jy 'n betroubare battery-vennoot nodig. Die krag van die tegnologie in elke Willard® Battery verseker dat Suid-Afrika se 12.5 miljoen hektaar landbougrond bly bewerk word.

**Willard.** Die kragwoord vir vooruitboer.



**Willard** Batteries®  
THE POWER OF TECHNOLOGY

# South Africa's healing plants

**South Africa is arguably one of the most biodiverse countries in the world due to its diverse ecosystem and organic substances and species versatility. For centuries, South African native cultures have used herbal medicine to treat an array of ailments.**

■ **Kefiloe Manthata**

Senwes Journalist

**A**ccording to the World Health Organisation, African traditional medicine is said to be one of the oldest and most diverse of all medical systems, even though the medicine systems are poorly recorded. African traditional healing is interwoven with cultural practices and religious beliefs and is therefore regarded as being holistic, involving both the body and the mind.

Recently, with the Covid-19 virus running rampage through the entire world, traditional medicine has been at the forefront of pre-

